

DOKTORSGRAAD TOEGEKEN: AGP VAN DER WALT

Dr. AGP van der Walt het pas gepromoveer aan die University College in London. Na 'n studietydperk van bykans twee jaar is die graad Ph.D. aan hom toegeken vir 'n proefskrif oor The Homiliary of the Venerable Bede and Early Medieval Preaching.

Dr. van der Walt het aan die Hoërskool Helpmekeer gematrikuleer en het daarna aan die PU vir CHO studeer waar hy agtereenvolgens die volgende grade verwerf het: BA, ThB, Honneurs in Grieks en MA in Latyn.

Hy het as predikant onder andere in Volksrust, Orkney en Margate gedien alvorens hy in 1975 aan die PU aangestel is as dosent in Latyn.

Dr. van der Walt en sy vrou Martie het drie kinders.
